# EGSKEIDING AS PASTORALE PROBLEEM MET BESONDERE VERWYSING NA DIE NUWE EGSKEIDINGSWETGEWING

*Dr. C. J. H. Venter*

1. *Interpretasie van onderwerp en vormgewing*

Dat egskeiding 'n pastorale *probleem* is word in hierdie werkstuk na twee kante geinterpreteer. Enersyds is die probleem geleë in wat ons kan noem: beginsel en praktyk. Die Skrifbeginsel oor egskeiding is waarskynlik duidelik — die praktyk is anders en vele egskeidings vind plaas.

Andersyds word „pastorale probleem" vertolk as: hoe moet dan in die situasie van egskeiding met die Woord van God by 'n egpaar opgetree word, hoe moet hulle pastoraal begelei en versorg word?

Vanuit bogenoemde interpretasie word aan die referaat vorm gegee soos aangedui in die voorafgaande inhoudsopgawe.

2. *Eksegetiese verkenning van kern Skrifuitsprake oor egskeiding.*

2.1. *Deut. 24 : 1:* Die hoofsaak wat in hierdie teks beredeneer moet word is die betekenis van die uitdrukking dat 'n man aan sy vrou 'n skeibrief kon gee „omdat hy *iets skandeliks*" aan haar ontdek. Wat word met „iets skandeliks" bedoel? Oor die betekenis van hierdie uitdrukking loop gedagtes uiteen. In 'n ou Aramese vertaling, die Targum van Onkelos word „iets skandeliks" vertaal met „ter wille van 'n oortreding van die woord,"[1] met ander woorde as 'n vrou ongehoorsaam is aan haar man. Die Rabbynse skole van Hillel en Sjammai het oor hierdie uitdrukking teenoorgestelde standpunte ingeneem. Rabbi Sjammai se skool het die „iets skandeliks" vertolk as owerspel, terwyl die skool van Hillel die uitdrukking vertolk het as enige geringe saak wat in die praktyk 'n rede kon wees vir egskeiding.[2] Die uitdrukking „iets skandelik" is baie vaag en oop vir verskillende interpretasies, byvoorbeeld as 'n siekte, liggaamsgebrek, of ook afstootlike eienskappe of skandelike optrede.[3] Wat in elk geval duidelik is, is dat „iets skandeliks" nie owerspel kon beteken nie, want owerspel was strafbaar met die dood (Deut. 22 : 22). Miskien sou dit veiliger wees om volgens die letterlike betekenis van „iets skandeliks" ("nakedness of a thing")[4] meer te dink aan een of ander vorm van onordentlike ontbloting of onetiese, onvroulike optrede.

Vir ons doeleindes is van belang dat hier iets van 'n uitsondering gemaak word op die reël dat man en vrou één vlees is, 'n uitsondering wat later in sy uitsprake deur Jesus Christus gemotiveer word as „weens die hardheid van julle harte" (Mt. 19 : 8).

Die rede vir die verbod tot hertrou met haar eerste man, nadat haar tweede man ook van haar geskei het, of oorlede is, is klaarblyklik dat dit 'n gruwel is in die oë van die Here, dat geen skuld op die land gelaai moet word nie (vgl. byvoorbeeld Lev. 18 : 25-28), maar tog ook dat die vrou se tweede huwelik dan beskerm moet word, dat sy van 'n tweede dwaling bewaar moet word.

2.2. *Mt. 5 : 32 saam met Lk. 16 : 18: Mt. 5 : 32* lui „Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe om hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg en elkeen wat die geskeie vrou trou pleeg egbreuk." *Lk. 16 : 18* „Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou pleeg

egbreuk, en elkeen wat trou met die vrou wat van haar man geskei is, pleeg egbreuk."
Is hier sprake van 'n egskeidingsgrond? Dié vraag kan alleen beantwoord word as eers ingegaan word op die woord „behalwe" (Mt. 5 :32). Hiervoor bestaan verskillende verklarings,[5] maar dit lyk tog die mees sinvolle om „behalwe" só te verklaar dat hier geen uitsondering gemaak word nie en dus nie 'n egskeidingsgrond aangegee word nie, omdat die enigste uitsondering wat genoem word, nl. hoerery (owerspel) *reeds egskeiding impliseer.*[6] Hierdie argument word versterk deur die feit dat „behalwe" weggelaat word in Lk. 16 : 18. Christus handhaaf hier — in lyn met die volstrektheid van die Bergrede — die onverbreekbaarheid van die eenmaal aangegane huwelik.[7] Waar feitelike egbreuk dus plaasgevind het op grond van hoerery (owerspel) kan die formele, juridiese egskeiding ook plaasvind. Aksent moet geplaas word op *kan*, nie *moet* nie. Versoening, ook deur die bediening van die versoening bly die uitnemende weg van die liefde.
Die feit dat die werkwoord „trou" in die uitdrukking „en elkeen wat die geskeie vrou *trou,* pleeg egbreuk" (Mt 5: 32) in die Aoristus[8] staan, dui op die feit, of daad van die tweede huwelik waardeur egbreuk gepleeg word en nie op die *staat* van die tweede huwelik, d.w.s. dat die tweede huwelik 'n *leef* in egbreuk is nie. Uit Lk. 16 : 18 is verder duidelik dat pas van egbreuk sprake is by die tweeledige daad van skeiding en hertrou.[9]
2.3. *Mt 19 : 9 en Mk. 10 : 11-12: Mt 19 : 9.* „Maar Ek sê vir julle elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery en 'n ander een trou, pleeg egbreuk: en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk. *Mk. 10 : 11, 12* „En Hy sê vir hulle: Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander trou, pleeg egbreuk teen haar; en as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou, pleeg sy egbreuk." In aanvulling by wat reeds gesê is oor Mt. 5 : 32 en Lk. 16 : 18 word die volgende lyne duidelik uit 'n nadere vergelyking en ontleding van Mt. 19 : 9 en M. 10 : 11-12.
2.3.1. Wat in verband met egskeiding geld van die man, geld ewe seer van die vrou (Mk. 10 : 11, 12).
2.3.2. Egbreuk in die mond van Jesus het deurgaans betrekking op die daad van skei en hertrou.
2.3.3. Die absolute onontbindbaarheid van die huwelik blyk uit die uitdrukking „Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie." (Mt. 19 : 6).
Die agtergrond van hierdie uitdrukking is dat die Fariseërs Jesus wil dwing om kant te kies tussen Hillel en Sjammai se standpunte oor egskeiding. Nou gryp Christus terug óór die Mosaïese wetgewing na die skeppingsbedoeling van God met die huwelik, toe Hy één man en één vrou bymekaargevoeg het. Die absolute onverbreeklikheid van die huwelik is nie iets nuuts nie, dit is reeds gegee in die paradys. [11]a.
In verband met Christus se fundering van die huwelik in God se skeppingsbedoeling en Moses se toestaan van 'n egskeiding, „weens die hardheid van julle harte," haal Wurth H. N. Ridderbos aan. [11]b. Hy betoog naamlik dat Moses nie alleen die religieus sedelike eise van God se wet moes verkondig nie, maar ook rekening moes hou met die feitelike toestand van egskeiding as gevolg „van die hardheid van julle

harte", Juis omdat Moses *ook* wettegewer in burgerlike sin moes wees, het hy ook met die harde praktyk van egskeiding te doen gekry.
2.3.4. *Juis hier kan dit sinvol wees om kortliks 'n begripsanalise te maak van hoerery (porneia) en egbreuk (moicheia).*
Hoewel die begrip porneia verskillende gebruiksvelde kan hê in die N.T. (vgl. byvoorbeeld die geestelike porneia in Openb. 19 : 2:) is dit tog duidelik dat porneia in die verband en behandelde tekste niks anders kan beteken as onwettige geslagsverkeer in watter vorm dan ookal (dus voorhuweliks, tussen getroudes, ongetroudes of getroudes met ongetroudes)[13] dus min of meer ons begrip ontug. "In both verses porneia refers to extra-marital intercourse. . ."[14]
Die begrip „moicheia" dui spesifiek op huweliksontrou tussen getroudes of verloofdes[15] met die aksent veral op die gesindheid "adultery does not consist merely in physical intercourse with a strange woman; it is present already in the desire which negates fidelity (Mt. 5 : 32).[16]
Bogenoemde betekenis word ook bevestig deur die gebruik van porneia in 1 Kor. 6 : 16. Die uitdrukking „sondig teen *sy eie liggaam*", word hier direk verbind aan (vleeslike) hoerery.
2.4 *1 Kor 7 : 15:* „Maar as die ongelowige wil skei laat hom skei. In sulke gevalle is die broeder of suster nie gebonde nie. Maar God het ons tot vrede geroep". In hierdie teks gaan dit om die heel spesifieke geval waar, na die huweliksluiting, één van die huweliksgenote 'n gelowige word.
Teoloë verskil veral oor die vraag of Paulus in hierdie teks toelating gee tot die ontbinding van die huwelik en die aangaan van 'n tweede huwelik.[17]
Na wye studie het die Gereformeerde Ekumeniese Sinode van 1958 tot die volgende slotsom gekom oor die onderskeie aspekte van hierdie teks:[18] (1) „Die ‚skei' hier dra die karakter van egskeiding soos on dit ken. (2) In die onderhawige teks word die Christen vrygestel van die verpligting om 'n huwelik te bewaar wat gebreek is, of op die punt staan om gebreek te word deur die egskeidingsaksie van 'n ongelowige wat handel uit godsdienstige motiewe." (3) Hoewel daar skerp verskil van mening was, kan die draagwydte van die uitdrukking „in sulke gevalle is die broeder of susters nie gebonde nie" (1 Kor. 7 : 15) geïnterpreteer word as: „vry om weer te trou,"[19] maar daar kan ook 'n sterk saak uitgemaak word vir die betekenis van: „nie verplig om die weggaan te verhinder of om die egskeiding te bestry of om na die egskeiding versoening te soek nie."[20]
Indien vir die eerste moontlikheid gekies sou word (vry om weer te trou), sou dit kon inhou dat daar benewens Mt. 5 : 32, nog 'n manier is daardeur die huwelik in feite opgehef sou kan word.[21] Ook die vroeë kerk het sterk standpunt ingeneem teen die saak van hertrou.[22] Dit kan m.i. tog gesê word dat Paulus hom hier hou by die Woord van Jesus: geen egskeiding nie. Daarom sal die inisiatief tot skeiding nie van die gelowige mag uitgaan nie. Aan die anderkant: as die ongelowige huweliksgenoot wil skei, moet die gelowige hom of haar nie verset nie want „God het ons tot vrede geroep".[23]
2.5. *Ten slotte word hier net verwys na die Skrifuitsprake in Rom. 7 : 2; 1 Kor. 7 :39 en 1 Tim. 5 : 3-16* waar hertroue na die oorlye van

'n eggenoot/e toegelaat word. Die kwalifikasie word egter in 1 Kor. 7 : 39 bygevoeg dat die huwelik moet „geskied in die Here."

2.6. *Samevatting*

Die huwelik is wesenlik onverbreekbaar; Hoerery (owerspel) impliseer reeds egskeiding; Op grond van hoerery mag (nie *moet nie)* juridiese egskeiding plaasvind; Egbreuk en die daaropvolgende hertrou is 'n daad van egskeiding en nie 'n staat van egskeiding nie; Hoerery (porneia) beteken enige ontug en owerspel (moicheia) ontrou binne die huwelik; In wese bied die Skrif geen egskeidingsgrond nie, maar slegs een (moontlik twee) gevalle van toelating tot bevestiging van 'n tweede huwelik nl. owerspel en (moontlik) in die geval waar die daad van egskeiding uitgegaan het van 'n ongelowige om godsdienstige redes.

3. *Die mees algemene oorsake vir hedendaagse egskeiding*

Hier sal volstaan word deur ter wille van volledigheid, net die mees algemene redes aan te stip sonder om dit breed te beredeneer. In hierdie voordrag val die klem immers op die pastorale problematiek en hantering van egskeiding.

3.1. Die mees algemene oorsaak vir egskeiding — ook vandag — bly *die sondigheid* van die mens — „weens die hardheid van julle harte". Die aspek van sonde en inwerking van die duiwel moet sterk gehandhaaf word as oorsaak vir egskeiding „Daar is, gelijk in heel het mensenleven, zoo ook in het huwelijk en in het huisgezin onberekenbaar veel leed en nood. Maar dat is geen donker noodlot dat nu eenmaal op dit leven rust. Dit is gevolg van onze menselijke zonde. Door de zonde hebben wij ons van God vervreemd. De zonde is het isolement ... van de mens tegenover God."[24]

Die werklikheid van die sondeval en sonde en die voortgaande inwerking van die duiwel deursny alle verhoudinge en ook alle aspekte van die verhouding binne die huwelik. Hierdie totale gebrokenheid en gespletenheid as gevolg van die sonde lei daarom tot egskeiding as gevolg van weerstande, selfsug, skeefgetrekte liefde tot mekaar en die kinders, haat ens.[25]

Huwelike raak dus stukkend nie as gevolg van ongelukkige omstandighede of onaanpasbaarheid of verlating of liefdesgebrek nie, maar vanweë die *sonde.*[26]

3.2. *Onvolwassenheid:* Hiermee word bedoel psigiese en geloofsonvolwassenheid. Psigiese onvolwassenheid wat nog nie gekom het tot aanvaarding van die self, die ander en dat daar 'n sin in die lewe en huwelik is nie[27] lei tot vele egskeidings. Een van die hoofkenmerke van volwassenheid is oorgawe. Gebrek aan wedersydse oorgawe in 'n volwasse verhouding is dikwels die gevolg van te vroeg trou, wil trou of moet trou.

Geloofsvolwassenheid of geloofsrypheid is bereid om op *grond van die eise van God se Woord* mekaar te aanvaar.

Hierdie onvolwassenheid sny deur verskillende vlakke van die huwelik, bv. godsdiens, kommunikasie, familieverhoudinge, seksuele verhoudings ens.

Onvolwassenheid lei ook dikwels tot die verkeerde rolverwagting tussen man en vrou.[28] 'n Eksegetiese verkenning van die rolverwagting tussen man en vrou soos gestel in die sg. huistafels (o.a. Ef. 5 : 22

vv. en Kol. 3 : 18-19) sou hier insiggewend wees maar val buite die bestek van hierdie werkstuk.

3.3 Egskeiding word aanvaar as die *maklikste oplossing* in die swak huweliksituasie. Hierdie oorsaak, nl. dat egskeiding nie as allerlaaste uitweg nie, maar as maklikste oplossing beskou word, word deur 'n regsgeleerde soos regter Trengrove as die kern van die egskeidingsprobleem genoem.[29]

3.4. *Verstedeliking, funksionalisme, industrialisasie, mondigheid van die mens.*

Huwelike word vandag aan groter risikos onderwerp as vroeër. Verstedeliking en gepaardgaande ingewikkelheid van die moderne stadslewe wat weer lei tot 'n grote spanningsvlak tussen man en vrou, is oorsake van egskeiding. Ekonomiese faktore, lewenskoste, behuisingstekort en die vrou wat haar plek ook in die beroepslewe moet volstaan, onderwerp huwelike aan groot spanning.[30] Hierby moet ook gevoeg word dat faktore soos verstedeliking 'n geesteshouding kan kweek van sterk individualisme: die sogenaamde mondige mens wil sy eie lewe reël en sy eie sedewette bepaal.[31] 'n Uitvloeisel van die individualisme is weer dat die aksent meer te staan kom op die kameraadskaplike in die eie huwelik. Vroeër het die familie nog 'n aansienlike rol gespeel in 'n paartjie se huwelik. Hierdie rol word al meer ingeruil vir: dit is *ons* huwelik en niemand anders het iets daarmee te doen nie. As *ons* nie ons konflikte kan oplos nie, skei ons![32] Maar nie net die geestesinstelling van die individu het verander nie, ook dié van die gemeenskap het in 'n tyd van sekularisasie meer permissief en minder afkeurend geword teenoor sake soos byvoorbeeld geslagtelike verhoudings buite die huwelik, saamwoon ens.

3.5 Spesifiek in SA het ons die *probleem van diensplig* wat soms lang tye van afwesigheid van mekaar tot gevolg het. As gevolg van die hoër eise wat aan die wedersydse trou gestel word, wankel sommige en die huwelik verbrokkel.

Samevattend kan ons dus sê dat veral die deurwerking van die sonde, onvolwassenheid, aanvaarding van egskeiding as die maklikste uitweg, verstedeliking, funksionalisme, industrialisasie met gepaardgaande individualisme en 'n meer permissiewe gemeenskap asook die eise wat lang afwesigheid as gevolg van diensplig aan huwelikspare stel, huidig die belangrikste oorsake van egskeiding in SA is. Dat bogenoemde faktore lei tot 'n toename in egskeiding word deur die volgende statistiek bewys:[33]

BLANKES

| Jaar | Huwelike gesluit | Egskeidings |
|---|---|---|
| 1952 | 27 137 | 3 472 |
| 1962 | 28 188 | 4 729 |
| 1973 | 40 602 | 8 890 |
| 1975 | | |

4. *Egskeidingswetgewing*

4.1. *Egskeidingsgronde in egskeidingswetgewing vóór Wet No. 70/1979.*

Daar het tot voor 1979 in die Suid-Afrikaanse egskeidingsreg 2 gemeenregtelike egskeidingsgronde bestaan nl. owerspel en kwaadwillige verlating. Reeds in 1935 het die wetgewer nog 2 egskeidingsgronde bygevoeg nl. ongeneeslike kranksinnigheid en gewoonte-misdadigheid. Die gemeenregtelike egskeidingsgronde is op die skuldbeginsel gebaseer (d.w.s. die sukses van die eiser se aksie hang af van die bewys van opsetlike wangedrag aan die kant van die verweerder).[34] Onder owerspel is verstaan die opsetlike buiteegtelike geslagsgemeenskap van 'n huweliksparty. Met kwaadwillige verlating word bedoel 'n opsetlike handeling van fisiese verlating of ernstige versaking van die huweliksverpligtings wat gepaard gaan met die opset om die huweliksverhouding permanent te beëindig.[35] Ongeneeslike kranksinnigheid moes geld vir 7 jaar en gewoontemisdadigheid en aanhouding in die tronk vir minstens 5 jaar.

4.2. *Motivering vir die hersiening van die ou egskeidingswetgewing.*

Drie uit die vier egskeidingsgronde wat hierbo genoem is is gebaseer op die veronderstelling dat een van die huweliksgenote 'n oortreding gepleeg het.[36] (Ongeneeslike kranksinnigheid is die uitsondering). Die kernbeswaar teen die sg. skuldbeginsel is, volgens juriste, geleë in die onjuiste uitgangspunt dat daar by elke verbrokkelde huwelik 'n skuldige en 'n onskuldige party is.[37] Die S.A. regskommissie het dan ook aangevoer dat dit onrealisties is om van die standpunt uit te gaan dat die skuld vir verbrokkeling alleen by een party lê. In die meeste gevalle het albei partye in mindere of meerdere mate skuld[38] Verdere motivering vir die hersiening van die ou egskeidingswetgewing was:[39]a die vereiste dat 'n totaal skuldige party aangewys moet word, lei tot bitterheid tussen die gades en verongeluk dikwels hulle pogings om die gevolge van die egskeiding billik en realisties te reël; die skuldbeginsel staan in die pad van versoeningspogings tussen gades; die sg. onskuldige party kan die sg. skuldige party onbepaald gebonde hou aan 'n huwelik wat totaal verbrokkel het; owerspel en kwaadwillige verlating is gewoonlik die gevolg en nie die oorsaak nie, van die verbrokkeling van die huwelik. Die werklike rede vir die verbrokkeling van die huwelik is dikwels nie toe te skryf aan die skuld van enigeen van die gades nie. Egpare moet getuienis fabriseer om van die onhoudbare huwelik verlos te word. (Barnard haal die voorbeeld aan van die man wat vir 25 jaar lank in 'n buite-egtelike verhouding met 'n vrou geleef het en reeds op 76 jaar vir egskeiding aansoek gedoen net om met die ander vrou te trou, die kinders te wettig ens.). Die hof moet oordeel op die *getuienis voor hom.* Regterpresident Beyers het by geleentheid beweer dat 75% van alle egskeidings in S.A. op grond van valse getuienis verkry word. Verdere besware teen die ou egskeidingswetgewing was: dit was te onbuigsaam en het die hof — waar die bestaan van 'n egskeidingsgrond aangetoon is — nie diskresie gelaat om 'n egskeiding te weier nie, ten spyte daarvan dat die hof oortuig is dat die huwelik nog gered kan word. Dit word ook gestel dat die ou egskeidingswetgewing onbevredigend werk ten opsigte van die gevolge

van die egskeiding, omdat die hof 'n onderhoudsbevel slegs ten gunste van die onskuldige gade teen die skuldige gade mag uitreik. „Dit bring mee dat 'n enkele misstap 'n party alle reg op onderhoud kan ontneem, ongeag die duur van die huwelik, die behoefte aan onderhoud of die bydrae wat so 'n party tot die opbou van die vermoë van die ander party gemaak het."[39]b Bogenoemde besware is veral gerig teen die skuldbeginsel in die ou egskeidingsreg. Benewens hierdie besware het die Regskommissie ook nog die volgende punte van beswaar geopper:[40] die egskeidingsreg maak nie voldoende voorsiening vir die beskerming van die belange van die kinders nie; die reg, met betrekking tot ongeneeslike kranksinnigheid as 'n egskeidingsgrond is onbevredigend (daar kan vandag gouer as binne 7 jaar vasgestel word of iemand permanent kranksinnig is); egskeiding kan op grond van gewoontemisdadigheid verkry word, maar nie waar 'n persoon tot 'n lang termyn van gevangenisstraf (sê 10 jaar en langer) gevonnis word nie.[41]

4.3. *Weergawe van die nuwe wet in paragrawe 3 en 4 Staatskoerant van 15/6/79.*

'n Huwelik kan deur 'n hof deur 'n egskeidingsbevel ontbind word en die enigste gronde waarop so 'n bevel verleen kan word, is—

(a) die onherstelbare verbrokkeling van die huwelik soos in artikel 4 beoog;

(b) die geestesongesteldheid of die voortdurende bewusteloosheid, soos in artikel 5 beoog, van 'n party by die huwelik.

(1) 'n Hof kan 'n egskeidingsbevel op grond van die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik verleen indien hy oortuig is dat die huweliksverhouding tussen die partye by die huwelik so 'n toestand van verbrokkeling bereik het, dat daar geen redelike vooruitsig op die herstel van 'n normale huweliksverhouding tussen hulle bestaan nie.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (1), en sonder die uitsluiting van enige feite of omstandighede wat op die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik dui, kan die hof getuienis—
(a) dat die partye vir 'n ononderbroke tydperk van minstens 'n jaar onmiddellik voor die datum van instelling van die egskeidingsgeding nie as man en vrou saamgeleef het nie;
(b) dat die verweerder owerspel gepleeg het en dat dit vir die eiser onbestaanbaar met 'n voortgesette huweliksverhouding is; of
(c) dat die verweerder kragtens 'n vonnis van 'n geregshof tot 'n gewoontemisdadiger verklaar is en ten gevolge van daardie vonnis gevangenisstraf ondergaan,
as bewys van die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik aanvaar.

(3) Indien daar na die hof se oordeel 'n redelike moontlikheid bestaan dat die partye deur huweliksraadgewing, behandeling of oordenking versoen kan raak, kan die hof die verrigtinge uitstel sodat die partye 'n poging tot versoening kan aanwend.

Wat paragraaf 5 betref, geestesongesteldheid of voortdurende bewusteloosheid as egskeidingsgronde, is die belangrikste bepaling, dat 'n geestesongestelde vir 2 jaar lank nie uit 'n inrigting ontslaan moes wees nie.

4.4. *Beoordeling van die nuwe wet vanuit pastorale hoek.*

In ons beoordeling van die wet moet ons altyd in gedagte hou dat geen wet volmaak is nie, tewens „om der zonde wil heeft God nu eenmaal een overheid ingesteld, bestemd om in een door de zonde gehavende wereld het recht te handhaven en door dat recht de chaos te voorkomen en een zekere orde in de menselijke samenleving mogelijk te maken. En tot de taak dier overheid behoort het ook regsregels vast te stellen met betrekking tot de sluiting en de onbinding van het huwelijk."[12]

In die lig van wat hierbo gesê is, kan kortliks die volgende kritiese vrae gestel word:

1. Is die uitdrukking „onherstelbare verbrokkeling" nie te „oop" gestel nie? Weliswaar word daar riglyne gegee vir die toepassing, maar daar word tog sterk geleun op die subjektiewe interpretasie van die regter, advokaat of prokureur.[13]
2. Dit moet in die nuwe wet waardeer word dat indien daar 'n moontlikheid tot versoening is met hulp van huweliksraadgewing, behandeling ens., die hof die egskeiding kan uitstel. Hier kan egter gevra word of daar in die hedendaagse egskeidingspraktyk (soms tot 90 egskeidings per hofsittingsdag in Pretoria) wel deeglik genoeg op bogenoemde moontlikheid ingegaan kan word. Moet daar nie liewer gepoog word om 'n omgekeerde orde daar te stel nie: eers by 'n paneel deskundiges asook pastorale bearbeiding en dan, indien dit nie anders kan nie, hof toe?
3. Sal samespanning tussen 'n egpaar om onherstelbare verbrokkeling in die hof te veins, meer voorkóm kan word as in vorige wetgewing?
4. Sal die opsyskuif van die skuldbeginsel nie daartoe lei dat 'n egskeiding teen die sin van die onskuldige party gegee kan word nie?

5.*'n Seleksie van gegewens uit die hulpwetenskappe wat insig kan bied in die eksistensiële situasie van egskeiding*

Die motivering waarom spesifiek hier eers ingegaan word op relevante gegewens uit die hulpwetenskappe is dat hierdie gegewens hulp kan bied o.a. in die diagnose van die egskeidingsituasie en betrokke egpaar en so dienstig kan wees om die bediening van die versoening vanuit die Woord persoons- en situasiegerig te konkretiseer.

5.1. *Persoonsleer*

Oorsigtelik word die volgende hier geformuleer: die mens is 'n religieuse wese omdat hy 'n prinsipiële verbondenheid met God het. Oor die mens kan alleen sinvol gepraat word as sy verhouding tot God gesien word as die sentrum van sy bestaan.[14] Die mens is ook 'n gesplete en gebroke wese. Die sondeval bring en beteken 'n verbreking van die liefde tot God . . . en die naaste[15] — ook die „huweliksnaaste." Daar kan geen ware begrip van die kern van die egskeidingsprobleem gevorm word as hierdie totale gebrokenheid nie in ag

geneem word nie. Die mens is ook 'n eenheidswese. Die woord van God dui met gees, siel, liggaam die mens aan in sy totale eksistensie. Die mens is 'n unieke wese in sy gevoelslewe, gemoedslewe, agtergrond, kultuur, gesin, opvoeding ens.[16] Die mens is 'n verhoudingswese. Een van die geheime van mens wees lê in die verhouding waarin hy staan tot God, medemens en natuur. Die mens is ook 'n opdragwese, sy lewe lank. Hy is onder opdrag om antwoord te gee op die Woord van God.[17]

5.2. *Psigologiese struktuur van die mens*[18]

Egskeiding raak die mens in sy geheel. Tog moet steeds in gedagte gehou word dat die mens in verskillende „vlakke" funksioneer: in sy fisies-chemiese samestelling in sy biologies-fisiologiese samestelling (gesig, gehoor, tas, reuk, wat weer nou saamhang met gewaarwordinge); in sy bioties-psigiese samestelling (drif (bv. honger), geheue, intelligensie); in sy geestelik-psigiese samestelling (denke, geestelike gevoelens, berou, wanhoop).

5.3. *Die sentrale plek van die „Ek".*

Die „Ek"' kan vir ons doeleindes kortliks omskryf word as die samehangende organisasie en kontrolerende beginsel van die psigiese prosesse. Psigies beheers en kontroleer die „Ek" die toegang na binne en buitewêreld; is die organiserende prinsipe (psigiese leëraanvoerder wat oorweeg, en besluite neem); is die draer van die geheel in die psigiese lewe (alle verskynsels het alleen waarde in betrekking tot die „Ek"); is die oorspronklike in elke mens „het ik van de mens, dat is zijn naam."[19]

Begrip van die funksionering van die Ek kan insig bied in sekere (verborge) motiewe en optredes van 'n egpaar in 'n egskeidingsituasie.

5.4. *Karakterologiese struktuur van die mens.*

Hoewel elke mens 'n unieke, eie aard het, kan mense breedweg in sekere groepe ingedeel word wat karakter betref. Spranger en Heymans het reeds so 'n indeling gemaak.[50] Kuypers[51] se indeling in karakterologiese strukture word hier weergegee saam met bepaalde reaksiepatrone wat toepaslik is in die egskeidingsituasie.

5.4.1. *Gewaarwordingsmens — gewaarwording in sentrum:* Indrukke nie blywend nie. Iets onrustig en onseker in sy lewe. Onversadigbare honger na nuwe gewaarwording en ervaringe. Vlindertipe. Sal „rondloop" in die huwelik. Religieus-oppervlakkig.

5.4.2. *Mnemiese mens:* Heg te veel waarde aan verlede. Reageer nie flink op teenswoordige nie. Geslote, standvastig. Skud kop oor die wêreld wat agteruitgaan. Ellende op voorgrond. „Mag nooit skei nie — was nie so in verlede nie."

5.4.3. *Verbindingsmens:* Verstandsmens. Beredeneer eers 'n saak. In sy liefde en vriendskap sit iets berekend. Sal egskeiding koud beredeneer en beplan. „Konstruktiewe verlating". Wil eie onredelike neigings as logies erkend sien.

5.4.4. *Gevoelsmens:* Gevoel oorheers. Passief teenoor lewe. Gryp nie aktief, skeppend in nie. Reageer op indrukke wat van buite kom. Moeilike mense. Praat nie uit nie. Agterdogtig. Sien oral vyande. ,Sal egskeiding my dan nou maar laat welgeval."

5.4.5. *Wilsmens:* Aktief. Skeppend. Aksent op wat hy doen. Stel hom

self in sekere sin altyd op die voorgrond. „Ons het besluit om te skei en nou moet ons die saak dadelik aanpak en afhandel."

5.5 *Bepaalde reaksiepatrone in 'n egskeidingsituasie.*

5.5.1.*Frustrasie:* Dit beteken blokkering. Veral by deurwerking van die besef dat egskeiding gaan kom, en ook daarna, speel frustrasie 'n groot rol. Frustrasie immobiliseer die „Ek" — „Ons het saam dinge beplan, nou word al ons planne „geblokkeer".

5.5.2. *Aggressie:* Basiese reaksie op frustrasie. Word sterk geprojekteer op huweliksmaat, predikant, kinders, ouers. Onredelik Intensiveer bitterheid.

5.5.3. *Depressie:* Iets buite die „Ek" wat die belewing van die „Ek" kleur. Soos 'n donkerbril. Vir belewing is alles wat naby was nou ver. (Soos wanneer mens 'n verkyker omdraai en daardeur kyk). In geval van egskeiding meestal reaktiewe depressie. Depressie lei weer tot isolasie en isolasie lei weer tot eensaamheid.

5.5.4. *Angs:* Angs word veroorsaak deur 'n onvermoë om die konstruktiewe „kragte" van die persoonlikheid te rig op 'n gegewe situasie. Veral aan die beginfase van die realisering in die egskeiding kan dit voorkom, ook na 'n skielike en onverwagte huwelikskok.

5.5.5. *Skuldgevoelens:* 'n Teer verhouding soos 'n huwelik lei maklik tot skuldgevoelens dwarsdeur al die fases in 'n egskeidingsproses. Dit word veral beleef in die verhouding tot die kinders. Uit die wisselende belewing van al hierdie gevoelens vloei ook ander kenmerkende reaksies voort soos minderwaardigheidsgevoelens, veral by die vrou („waar het *ek* gefaal?"), wantroue („Ek sal 'n man/vrou nie maklik weer vertrou nie!"), wanverhoudings met familie en kinders uit die huwelik, neurotiese stoornisse en konflikte.

5.6. *Emosionele afweermeganismes wat kan voorkom in 'n egskeidingsituasie.*

Afweermeganismes is onbewuste prosesse wat ten doel het om die dinge af te weer wat 'n bedreiging kan vorm vir die wankele ewewig van die bewuste „Ek" tussen binne- en buitewêreld.[52]

Die volgende is van die belangrikste afweermeganismes wat tydens die fases van egskeiding kan voorkom:

5.6.1. *Regressie* — terugval op vroeëre gedrags- en gevoelspatrone in die spanning van egskeiding.

5.6.2. *Verdringing* — die wegdring van traumatiese ervarings in die onderbewuste.

5.6.3. *Ontkenning* — 'n onbewuste realiteitsvervalsing waar onweerspreekbare realiteite in die egskeidingsituasie ontken word.

5.6.4. *Rasionalisering* — om 'n ander rasionele motief as die werklike op te gee omdat die ware motief te pynlik is.

5.6.5. *Veralgemening* — om rasioneel die werklike rede in veralgemening te laat opgaan („Ek is darem nie die enigste nie, baie ander mense skei ook").

5.7. *Samevatting*

Insig in die persoonsleer, psigologiese struktuur van die mens; in die sentrale plek van die „Ek"; in die karakterologiese struktuur van die mens; in bepaalde emosionele reaksiepatrone- en afweermeganismes kan hulp bied om die bediening van die versoening in die egskeidingstydperk persoons- en situasiegerig te konkretiseer.

6.*Die bediening van die versoening in die aanloop, verloop- en afloop-situasies in die egskeidingsproses.*
6.1. *Omskrywing.*
Vir ons doeleindes word die bediening van die versoening omskryf as die amptelike, individualiserende bediening van God se Woord veral in die gestaltes van onderrig en paraklese [53] aan 'n eggenoot/e of egpaar in die besondere situasie van egskeiding.
Uit hierdie omskrywing word afgelei
* Die Woord van God staan sentraal in die herderlike bediening, ook tydens egskeiding
* Die bediening van die versoening is amptelike bediening.

6.2. *Doel van die bediening van die versoening is om aan 'n egpaar in die omstandighede van egskeiding die wil van God deur onderrig, vermaning en vertroosting bekend te maak;* hulle by te staan en deur die bediening van die versoening instrumenteel te begelei tot versoening met God en met mekaar, of tot berouvolle oorgawe aan God.
6.3. *Fundering.*
6.3.1. Die bediening van die versoening in die situasie van egskeiding moet ten diepste *gefundeer word in die versoeningswerk van Christus,* en in sy opdrag om hierdie versoening te bedien[54] (2 Kor. 5 : 18 en 19). 'n Nadere funderingsaspek spesifiek vir egskeidingspastoraat kan gevind word in die besondere uitsprake oor bely, berou en sondevergiffenis. Omdat die aspekte van „geen egskeidingsgrond" en van die „hardheid van die mense se hart" in hierdie referaat gehandhaaf word, moet eweseer die aspekte van berou, belydenis en vergiffenis na vore kom. "The forgiveness of Jesus was enjoyed precisely by these women (i.e. harlots) whom the self-righteousness of the Pharisees and the Rabbis had abandoned."[55]a En verder "Although divorce is always wrong, God is gracious and will forgive. God forgives; Christians forgive; divorce is not the unpardonable sin. This approach to Christian Ethics counsels repentance and faith. [55]b.
In hierdie verband word die aandag byvoorbeeld gevestig op die rykdom van troos in die verkondiging veral uit die eerste brief van Johannes vanuit die kerugmatiese sentraalmotief.[56]
6.3.2. Die *aard van die egskeidingsituasie* self bied 'n verdere fundering vir die noodsaaklikheid van die bediening van die versoening. Dié proses gaan gepaard met eiesoortige manifestasies op emosionele, persoonlikheids- en selfs somatiese vlakke. Kragtens die totaliteit van mens-wees vind hierdie manifestasies ook neerslag in die godsdiens. Herderlike begeleiding word hierdeur genoodsaak.
6.4. In hierdie onderafdeling oor die bediening van die versoening word ingegaan op sekere *Skriftuurlike pastorale beginsels* en die toepassing daarvan in die begeleiding en hantering van 'n egpaar in die proses van egskeiding.
6.4.1. *Die Woord, met die versoening as kerninhoud staan sentraal in die herderlike bediening (2 Kor. 5 : 18 e.v.; Titus 2 : 15).*[57]
Die volgende voorwaardes vir die Woordbediening in die egskeidingsfases word hier gestel: Woordbediening moet nie misbruik word om te vlug vir diepere kommunikasie met die egpaar of om uit 'n spanningsituasie te ontsnap nie; die verkondiging moet aktueel, konkreet,

individualiserend wees, as hoogtepunt van die gesprek moet die verkondiging organies vloei uit die gesprek en uitloop op die gebed.[58]
Die volgende verkondigingsgestaltes staan op die voorgrond tydens egskeiding:

— *Verkondiging as sinduiding.* Verkondiging in hierdie gestalte is veral gerig op interpretering van die gebeure vir die egpaar. Veral by die vrou kan tydens en na egskeiding die vraag na die sin van lyde in die proses van uithou of egskeiding na vore kom. Vanuit die Skrif kan die moontlike sin van lyde verkondig word as: opvoeding (Deut. 32 : 11, 12); tugtiging (Hebr. 12 : 6)! navolging van Christus (2 Tim. 3 : 12); volbrenging van God se wil (1 Pet. 3 : 17); afsterwing van sonde (1 Pet. 4 : 1, 2); beproewing (1 Pet. 4 : 12); ter wille van die gemeenskap van die heiliges (2 Tim. 2 : 9-11); om die ruimte te bied vir oefening in die geloof (1 Tim. 5 :5).

— *Verkondiging as vermaning.* Dit is heel dikwels in die bediening van die versoening nodig om te vermaan. Hierdie vermaning moet uit die Woord (en nie kragtens „persoonlike" gesag en insig nie) gerig word met die oog op versoening met God en mekaar. Die aandag word gevestig op die feit dat 'n ontleding van die begrip paraklese in die Nuwe Testament bewys dat die begrip parakalein deurgaans Christus se versoening veronderstel „so haben das Ermahnen . . . in dem geschehen Heil ihren tragenden Grund". Die krag en gesindheid van die Heilige Gees word deurgaans veronderstel.[59] So moet die vermaning in 'n egskeidingsituasie dus ook geskied. As verkondiging kan vermaning dan geskied as oproep tot versoening met God (2 Kor. 5 : 20) as oproep tot versoening met die naaste (bv. 1 Joh. 2 : 9-11). By hardnekkige volharding sal die verkondigende vermaning uitloop op die kerklike tug.

— *Verkondiging as beraad.* Sonder om breedvoerig op die saak van huweliksberaad (counseling) in te gaan, word hier bloot gestel dat beraad, pastoraal gesproke, ook 'n verkondigingsaspek het, of minstens plaasvind in die klimaat van die verkondiging. Verkondiging as beraad sal veral geskied in die gestalte van die didache (onderrig) met die aksent op voorligting, inligting en insigvorming in die huwelik op huweliksprobleme.

In verband met die verkondiging moet ook die plek van die gebed beklemtoon word. Op grond van 1 Tim. 2 : 1-2 en 8 moet in die gebed sterk geïndividualiseer word ten opsigte van die aard van die gebed, die persone vir wie gebid word en die omstandighede. Die gebed moet geïntergreerd met Skriflesing en verkondiging plaasvind en nie misbruik word as middel tot vermaning of „om 'n laaste woord in te kry nie."

Hieronder die gesigspunt van die verkondiging word ook genoem die besondere waarde wat groep Bybelstudie het. As 'n egpaar met huweliksprobleme betrek word in 'n groep wat bv. as Bybelstudietema neem: Wat sê die Bybel oor my huwelike kan dit 'n sterk egskeidingsvoorkomende en huweliksherstellingswaarde hê.

6.4.2. *Bediening van die versoening in die verskillende egskeidingsfases moet geskied in 'n pastorale verhouding.*
Hierdie Skrifbeginsel blyk uit die feit dat Paulus self die herderlike bediening in 'n pastorale verhouding verrig het (1 Tim. 1 : 2 en 1: 18; 2 Tim. 1 : 2 en 2 : 1 en Tit. 1 : 3). Die ruimte waarin die pastorale verhouding groei is „die gemeenskaplike geloof" (Tit. 1 : 3). Paulus gee duidelik opdrag dat die herderlike bediening in 'n pastorale verhouding moet plaasvind deurdat hy telkens die beeld van die huisgesin voorhou en inderdaad die optrede en verhouding in die huisgesin betrek op die gemeente „die huis van die lewende God (1 Tm. 3 : 15)." Paulus stel ook as duidelike vereiste vir die bedienaar van die versoening: hy moet verhouding kan skep en onderhou, hy „moet sy eie huis goed regeer" (1 Tim. 3 : 4) en hy moet wees: „die man van een vrou . . . en gelowige kinders hê" (Tit 1 : 6). Die bedienaar wat in sy eie huis verhouding kan skep en bevorder, sal dit ook in die gemeente kan doen.

Die hulpwetenskappe bied die volgende lig en insig in die vorming en werking van pastorale verhouding. Die pastorale verhouding, gegrond op die gemeenskaplike geloof is kardinaal vir die uitspreek van ware gevoelens,[60] die pastorale verhouding lei tot ontmoeting en is inderdaad ontmoeting.[61] Die pastorale verhouding word „geïmplementeer" deur die pastorale grondhouding in welke raamwerk die bedienaar van die versoening se optrede gekenmerk moet word deur suiwer reseptiwiteit (oopstel vir die ander); suiwer diskresie (onderskeiding van dit waarop dit aankom in die egskeidingsituasie) en suiwer kreatiwiteit (die egpaar is nie „koue" objekte nie, maar saam met die bedienaar betrek in die pastorale proses.)[62] Van die pastorale grondhouding is empatie 'n wesenlike deel. Empatie word „in praktyk" gebring onder andere deur die verskillende akte van luister (aanvaardend-, observerend-, reflekterend- en vragend luister).[63] In verband met die vragende luisteraksie, veral met die oog op die bediening van die versoening in die aanloopfase van die egskeiding is dit belangrik om by die vragende luisteraksie in gedagte te hou dat vrae wat nie te sake is nie onmiddellike terugtrekking by die ander tot gevolg het[64] dat outoritêre vrae weerstand wek,[65] dat vrae waarin antwoorde gesuggereer word misleidend is en onegte antwoorde sal ontlok.[67] Ontwyking van vrae lê probleemgebiede bloot. Aandag moet ook gegee word aan die verskillende vlakke van luister, nl. die kognitiewe-, emosionele-, houdings-, eksistensiële- en stiltevlakke.[68] Die verskillende akte van luister op verskillende vlakke implementeer die verhouding wat... daar „kragtens die gemeenskaplike geloof" bestaan verder.

Belemmering in die pastorale verhouding kan veroorsaak word as die polêre spanning: afstand — nabyheid tussen bedienaar en die betrokke egpaar of persoon nie gehandhaaf word nie. Te sterk identifikasie met die persoon/e in die egskeidingsproses betrek die bedienaar so subjektief dat hy nie in die volle sin van die woord die herderlike bediening kan verrig nie.[69] Te 'n groot afstand skep 'n kloof tussen die bedienaar en lidmate.[70] Die bedienaar wat meer klem lê op die gesag van die amp as op die feit dat hyself 'n

dienskneg van die Here en 'n dienaar van Christus is, is 'n belemmering vir sy eie bediening en skep eensydig afstand.

Spesifiek hier wil ek graag die standpunt stel dat wat hierbo aangebied is uit die hulpwetenskappe in verband met die implementering van die pastorale verhouding bevestig word deur die vereistes wat die Skrif self stel aan die bedienaar van die versoening.

Sekere vereistes wat in 1 Tim. 3 : 2-7 en Titus 1 :6-9 gestel word, is vereistes wat sterk verband hou met pastorale verhouding en optrede: Vriendelik (1 Tim. 3 : 3), ingetoë (1 Tim. 3 : 2), sy eie huis goed regeer (1 Tim. 3 : 4:), geen vegter, nie opvlieënd (Titus 1 : 7), ingetoë, met selfbeheersing (Titus 1 : 8).

Van uiterste belang is dat die vereiste van ingetoënheid (sōfrōn) in 2 Tim 1 : 7 aangedui word as uiterste deug en werking van die Heilige Gees in die kind van God. Die vereiste van selfbeheersing (engkratēs) word weer in Gal 5 : 22 genoem as hoogste vrug van die Gees.

Inderdaad staan die Gees sentraal in die Pastorale verhouding!

Laastens word net daarop gewys dat in die pastorale verhouding sekere verwagtings deur n paar in die egskeidingsituasie van die bedienaar gekoester word, nl.: om toegelaat te word om volledig hulle saak te stel; dat persone en sake wat in die gesprek en verhouding betrek word die volle aandag van die bedienaar sal geniet; dat man en vrou se selfstandigheid om anders te wees as die bedienaar aanvaar moet word; dat van Godsweë iets gesê sal word en dat die vertroulikheid gehandhaaf sal word.[71]

6.4.3. *Die bediening van die versoening in die egskeidingsituasie moet geskied as individualiserende herderlike bediening.*

Die Skriftuurlike motivering vir die pastorale beginsel van individualisering word gevind in o.a. die volgende Skrifuitsprake: 1 Tim. 5 : 1-2 (spesifieke optrede teenoor mense in spesifieke leeftydsfases), Joh. 20 : 17 en 27 (Jesus tree op teenoorgestelde wyse op teenoor Maria en Thomas omdat Hy individualiseer), Ef. 5 : 22-25 (individualisering tussen verskillende lede van die gesin), 1 Thess 5 : 14 (individualisering ten opsigte van geloofstipes), Judas verse 22-23 (individualisering teenoor twyfelaars).

In die bediening van die versoening in 'n egskeidingsituasie word die noodsaaklikheid vir individualisering soos volg gemotiveer: elke huwelik (en man en vrou) het 'n individuele moment, 'n eie aard, persoonlikheid, karakter arbeid, volksraad ens.[72] Elke egskeidingsituasie en belewing van die situasie is uniek.

Individualisering moet geskied ten opsigte van persoon en egpaar, situasie, gesprek, verkondiging, gebed, beplanning en waar van toepassing ook ten opsigte van pastorale korrespondensie.

6.4.4. *Die bediening van die versoening in die egskeidingsituasie moet geskied deur die amp van die gelowige.*

Die Skriftuurlike motivering dat gelowiges herders vir mekaar is word implisiet geleer in Hd. 2 : 42 en eksplisiet in die parakletiese formule in Hebr. 10 : 24-25. Voorheen is reeds gestel dat parakalein die sentrale Nuwe Testamentiesebegrip is vir die herderlike bediening. In Hebr. 10 : 24-25 word hierdie sentrale begrip verbind aan „mekaar."

Die noodsaaklikheid vir herderlike sorg deur die amp van die gelowige tydens en na die egskeidingsproses word verder gemotiveer deur onder andere gevoelens van vereensaming, minderwaardigheid, neerslagtigheid ens. Ook die situasie van die geskeide het verander. Hy of sy is nou alleen en veral die vrou word deur die samelewing anders behandel as toe sy egtelik verbind was.

Aktivering van die amp van die gelowige deur byvoorbeeld sekere gesinne met huwelik/egskeidingsprobleme aan ander gesinne toe te vertrou vir bystand en „Koinonia" het nie alleen 'n geloofsversterkende effek nie, maar ook 'n terapeutiese effek.[73]

6.4.5. *Die bediening van die versoening in die proses van egskeiding moet gerig wees op die mens in sy totaliteit.*

Skriftuurlike begronding vir hierdie beginsel word gevind in 1 Tim. 5 : 23.

In die egskeidingsituasie is dit pastoraal onverantwoordelik om net op die geestelike of godsdienstige te wil fokus sonder om byvoorbeeld ook die somatiese en ander aspekte in aanmerking te neem. Waar die bedienaar van die versoening nie in staat is om die ander dimensies te hanteer nie, moet hy sorg dat die egpaar hulp ontvang van ander *gelowige* wetenskaplikes en praktisyns, bv. sielkundiges.

6.4.6. *Die bediening van die versoening in die egskeidingsfase moet geskied langs die weg van diakonia.*

Gesag in die herderlike bediening is onlosmaaklik verbind aan die bediening van die Woord en nie aan die persoon van die bedienaar nie (1 Tim. 1 : 18; 1 Tim. 4 : 6 en 16).

Die bedienaar self is 'n „diakonos Christou" (1 Tim. 4 : 6) en 'n „doulos Kuriou" (2 Tim. 2 : 24).

Natuurlikerwys gesproke het 'n slaaf geen gesag nie. Maar die Koning (Kurios) self verleen gesag aan die slaaf se woord — ook as hy die Woord bring aan mense wat betrokke is in egskeiding.

7. *Finale Samevatting*

'n Samevatting van al die resultate van hierdie werkstuk sou blote herhaling beteken. Daarom word sekere kernbevindinge stellingsgewys hier weergegee.

7.1. Die huwelik is wesenlik onverbreekbaar daarom bied die Skrif geen egskeidingsgrond nie; hoerery impliseer reeds egskeiding; op grond van hoerery *mag* juridiese egskeiding plaasvind; egbreuk en die daaropvolgende hertrou is 'n daad van egskeiding en nie 'n staat van egskeiding nie; hoerery beteken enige ontug en egbreuk ontrou binne die huwelik.

7.2 Die blywende deurwerking van die sonde; onvolwassenheid aanvaarding van egskeiding as die maklikste uitweg; verstedeliking, funksionalisme, industrialisasie met gepaardgaande individualisme en sekularisasie; lang afwesigheid met diensplig — kan beskou word as van die belangrikste oorsake van egskeiding.

7.3. In die nuwe egskeidingswetgewing veral die sg. skuldbeginsel en vroeëre egskeidingsgronde vorm nou riglyne vir die toepassing van die leidende beginsel in die nuwe wet nl. onherstelbare huweliksverbrokkeling; Vanuit pastorale hoek kan die volgende kritiese vrae ten opsigte van die nuwe egskeidingswetgewing gestel word:

is „onherstelbare verbrokkeling" nie te wyd gestel en oop vir

subjektiewe regtelike vertolking nie? Sal samespanning tot blote verkryging van 'n egskeiding nou meer as voorheen voorkom kan word? Sal die opsyskuif van die skuldbeginsel nie kan lei tot egskeiding teen die sin van 'n onskuldige party nie?
In die nuwe wet moet die opening tot meerdere pastorale sorg en huweliksberaad — indien 'n regter meen dat 'n huwelik nog gered kan word — waardeer word. Kom hierdie sinvolle opening egter wel tot sy reg met die huidige egskeidingstempo?
7.4. Kennis van onder andere persoonsleer, psigologiese struktuur van die mens, sentrale plek van die „Ek", karakterologiese struktuur en bepaalde emosionele reaksiepatrone en emosionele afweermeganismes kan help om die bediening van die versoening te konkretiseer in die egskeidingsituasie.
7.5. Bediening van die versoening in 'n egskeidingsituasie is 'n bepaalde vorm van Woordbediening en wel in die gestalte van veral onderrig en paraklese; die doel van die bediening van die versoening in die egskeidingsituasie is om deur begeleiding, onderrig en vermaning God se wil bekend te maak en so 'n egpaar te lei tot versoening met God en met mekaar of tot berouvolle oorgawe aan God; fundering van die bediening van die versoening tydens egskeiding is die versoeningswerk van Christus; die genade wat daar is spesifiek vir berouvolle gelowiges tydens en na egskeiding en in die eiesoortige emosionele en ander problematiek in die gang van die egskeidingsproses; die volgende Skriftuurlike pastorale beginsels moet geld in die bediening van die versoening tydens egskeiding:
die Woord van God, met as kerninhoud versoening, staan sentraal, en moet gebring word in 'n pastorale verhouding; as individualiserende herderlike begeleiding; ook deur die amp van die gelowige; moet gerig wees op die mens in sy totaliteit en gebring word langs die weg van diakonia.
Die bedienaar, wat ook in die bediening van die versoening in die egskeidingsituasie kinderlik God se Woord wil gehoorsaam — hy is die draer van God se lig in die menslike donkerheid van egskeiding.

VERWYSINGS


1. SCHILLEBEECKX, E. Het huwelijk, Nelissen, Bilthoven, 1963, bl. 83 e.v.
2. t.a.p. Vergelyk ook Thompson, J. A. Deuteronomy. An Introduction and Commentary, Londen, Inter-Varsity Press, 1974, bl. 243-4;
   RIDDERBOS, J. Het boek Deutoronomium, in: die reeks Korte Verklaring, Kampen, Kok, 1964, bl. 50-1.
3. RIDDERBOS, t.ap..
4. THOMPSON, t.a.p.
5. RIDDERBOS, H. N. Het Evangelie naar Mattheus, Kampen, Kok, 1941, bl. 109-111;
   TASKER, R. V. G. Matthew. An Introduction and Commentary, Londen, Tyndale, 1971, bl. 64-69;
   VAN HARTINGSVELD, L. Het huwelijk in het N. T. S'Gravenhage, Boekencentrum, 1977, bl. 83.
6. HANDELINGE VAN DIE 34e SINODALE VERGADERING (1961) VAN DIE GEREF. KERK IN SA (GKSA) 1961. Egskeidingsgronde, bl. 493.

7. t.a.p.
8. Vgl RIENECKER, F. Sprachicher Schlüssel zum GRIECHISCHEN, N. T. Basel, Brunnen Verlag, 1963, bl. 12.
9. HANDELINGE SINODE 1961, GKSA bl. 494.
10. Vgl. HANDELINGE SINODE, 1961, bl. 494.
11. (a) SCHILLEBEECKX, a.w. bl. 115.
11. (b) WURTH, G. B. Het Christelijk Leven in Huwelijk en Gezin, Kampen, Kok, bl. 243-244.
13. HARTINGSVELD, L. Het Huwelijk in het N T, bl. 58.
14. HAUCK/SCHULZ: Porneia in: Friedrich: TDNT, 6, Grand Rapids, Eerdmans, 1969, bl. 592.
15. HARTINGSVELD, a.w., bl. 58.
16. HAUCK, TDNT, 4 bl. 734.
17. Vgl. BOETTNER, Loraine. Divorce, San Francisco, Theological Seminary, 1960, bl. 22 e.v.
18. RAPPORT EKUMENIESE SINODE: ACTA SINODE 1958, bl. 95.
19. Vgl. ook MORRIS, L. 1 Corinthians, An Introduction and Commentary, Londen, Inter-Varsity, 1976, bl. 111.
Vgl. ook BOETTNER, a.w. bl. 24-28.
20. RAPPORT GES, bl. 94.
21. HANDELINGE VAN DIE 35e SINODALE VERGADERING VAN DIE GEREF. KERK S.A., 1964, bl. 474.
22. SCHILLEBEECKX, a.w., bl. 169 e.v. Vgl. ook: WHITE, E. Marriage and the Bible. Nashville, Broadman Press, 1965, Hf. 9.
23. HARTINGSVELD, a.w., bl. 96.
24. WURTH, G. B. Het Christelijk leven in huwelijk en gezin, bl. 84.
25. COETZEE, J. H. Artikel in: Bulletin van die S A Vereniging vir die bevordering van die Christelike wetenskap, no 13, April 1968, bl. 55.
Vgl. ook DE KLERK, W. J. in hierdie aangehaalde werk, bl. 57-60.
26. DU TOIT, D. A. Die Egskeidingsvraagstuk, IBC Studiestuk, Mei 1980, bl. 7.
27. WIJNGAARDEN, H. R. Hoofdproblemen der Volwassenheid, Utrecht, Bijleveld, 1969, bl. 63 e.v.
28. Vgl. vir die basiese verhoudings in 'n huwelik en gepaardgaande rolverwagting: DUVENHAGE, A. P. C. Pastorale hantering van die hedendaagse Huwelikspastoraat, *in*: In die Skriflig, jaargang 14, no. 53, Maart 1980, bl. 5-13.
Vgl. ook GROBLER, J. P. *in*: In die Skriflig, jaargang 10, no. 38, Junie 1976, bl. 12-14 soos aangehaal deur PIETERSE, H. J. C.: Huwelikspastoraat, Pretoria, N G Kerk Boekhandel, 1977, bl. 70-75.
29. TRENGOVE, J. J. 'n Kritiese beskouing van ons Egskeidingsreg met verwysing na die skuldbegrip, Pretoria, s.j., bl. 248.
30. Vgl. TRENGOVE, a.w., bl. 247. Vgl. ook vir die uitwerking van industrialisasie op die samelewing:
FABER, H. Geloof en Ongeloof in een industrieel tijdperk, Assen, Van Gorcum, 1968.
31. DU TOIT, a w., bl. 1.
32. Vgl. PIETERSE, H. J. C. Huwelikspastoraat, bl. 42-43.
33 TRENGOVE, a.w , bl.243.
34. VERSLAG INSAKE EGSKEIDINGSREG EN AANGELEENTHEDE WAT DAARMEE VERBAND HOU, s.j., bl. 4.
35. t.a p.

36. VAN NIEKERK, E. A. Die Wet op egskeiding (70/1979) — enkele aantekeninge, bl.3.
37. BARNARD, A. H. Die nuwe egskeidingsreg. Durban, Butterworth, 1979, bl. 1.
38. a.w., bl. 2.
39. (a) a.w., bl. 2. Vir die volgende besware word die aangehaalde werk van Barnard gevolg, bl. 4-8.
39. (b) t.a.p.
40. Verslag insake egskeidingsreg, bl. 7.
Vgl. ook
41. BARNARD, a.w., bl. 8.
42. WURTH, a.w., bl. 244.
43. Vgl. ook kritiek by VAN NIEKERK, E. A. a.w., bl. 6.
Ook: DELLEMAN Th. en VON MEYENFELDT, G W. Op weg naar een nieuwe echtscheidingsrecht, Kampen, Kok, 1969, bl. 42 e.v.
44. BERKHOF, H. De mens onderweg. Een Christelijke mensbeschouwing, S'Gravenhage, Boekencentrum, 1960, bl. 33-34.
45. BERKOUWER, G. C. De mens het beeld Gods. Kampen, Kok, 1957, bl. 211 e.v. Verder aan sal aangetoon word dat dit ook 'n lyn uit die Pastorale Briewe is dat die mens as totaliteit (eenheid) herderlik versorg moet word.
46. In die onderafdeling oor die herderlike bediening word die Skriftuurlik pastorale beginsel van individualisering gestel.
47. BERKHOF, a.w. bl. 51.
48. KUYPERS, A. Inleiding in de Zielkunde, Kampen, Kok, 1953, bl. 211 e.v.
49. KUYPERS, a.w., bl. 147.
50. JANSE DE Jonge, A. L. Karakterkunde, Baarn, Bosch en Keunig, s.j., bl. 106 en 113.
51. KUYPERS, a.w., bl. 275 e.v.
52. ZIJLSTRA, W. Klinisch Pastorale Vorming, Assen, Van Gorcum, 1969, bl. 141 e.v.
53. Parakalein kan beskou word as die mees sentrale begrip in die N T om die herderlike bediening aan te dui.
Vgl. FIRET, J. Het agogisch moment in het pastoraal optreden, Kampen, Kok, 1968, bl. 54-109.
54. Vir wyer studie hieroor asook oor sekere bedieningsinhoude van die versoening vgl. VENTER, C. J. H. Die bediening van die versoening aan die bejaarde. 'n Pastorale studie in die lig van die Pastorale Briewe. Potchefstroom, Pro Rege, 1976, bl. 39 tot 58.
55. (a) HAUCK/SCHULZ: Porneia in: TDNT, VI, bl. 590-1.
55. (b) FARLEY, G. E. Divorce in: Tenney, Merrill C. The Zondervan Pictorial Encyclopaedia of the Bible, Grand Rapids, Zondervan, 1978, bl. 150.
56. Vgl. COETZEE, J. C. Die gedagtestruktuur van 1 Johannes. 'n Illustrasie van die belangrikheid van struktuurontleding vir die interpretasie van die N T, Potchefstroom, PU vir CHO, 1980.
57. Telkens word net verwys na Skrifuitsprake vir 'n bepaalde Pastorale beginsel sonder om dié beginsel weer van vooraf eksegeties te ontleed.
58. Vgl. VENTER, C. J. H. Huisbesoek prinsipieel en prakties besien, in:
Die Goue Kandelaar, 1973, bl. 34.
59. SCHMITZ, parakalein, TWNT 5, bl. 790-8.
60. Vgl. ALLWOHN, A. Het genezende Woord. Nijkerk, Callenbach, 1959, bl.

219; SMUTS, A. J. Pastorale Gespreksvoering, Pretoria, U P, DD-proefskrif, 1969, bl. 148-190.
61. THILO, H. J. Overwinning van tweespalt, Nijkerk, Callenbach, 1961, bl. 72.
62. Al drie hierdie uitdrukkings kom van FIRET, Het Agogisch Moment, bl. 274-275.
63. THILO, H. J., a.w., bl. 79-80.
64. THILO, aw., bl. 77.
65. DE KLERK, W. J. Pastorale Gespreksontmoeting — 'n Prinsipiële studie. Potchefstroom, PU vir CHO, Ongepubliseerde ThM-skripsie, 1963, bl. 58.
66. t.a.p.
67. t.a.p.
68 Vgl. VAN DER SCHOOT, E. Nieuwe mogelijkheden voor die zielszorg, Utrecht, Bijleveld, 1955, bl. 18-19.
69. Vgl. FIRET, a.w., bl. 324.
70. WURTH, G B. Christelijke Zielszorg, Kampen, Kok, 1955 bl. 144.
71. VAN DER SCHOOT in Bezinning 1960, No. 5, bl. 263 soos aangehaal deur De Klerk, W. J. Rousmart... Potchefstroom, Pro Rege, 1968, bl. 205.
72. Vgl. VAN DER SCHOOT Nieuwe mogelijkheden, bl. 13.
73 Vgl. MÜLLER, B. A. Die terapeutiese waarde van die gemeenskap van die heiliges, in: NGTT, XI, 3, bl. 193.